# KOERSVAS

Jaargang 7 Uitgawe 161 24 Mei 2019


In hierdie uitgawe:


Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings


## REDAKSIONEEL

### Eensaam en alleen

Vir baie mense is die twee terme sinonieme, en daar is inderdaad kontekste waar die twee woorde uitruilbaar is. Die WAT definieer die twee terme as volg: (seleksie gemaak)

*Alleen - Wat nie by, naby, vergesel van ander is nie; sonder geselskap; nie saam met ander nie; afgesonderd: Hy was alleen in die kamer. Alleen eet, loop, sit, speel, stap, sonder metgeselle; weg van die ander. Alleen slaap, sonder bed-, kamer-, huisgenoot. Dit is nie goed dat die mens alleen is nie (Gen. 2:18). Hy het na buite gegaan om alleen te wees met sy verdriet. Iemand alleen spreek, ontmoet, sonder 'n derde of derdes daarby; onder vier oë. Die ouers laat die kinders alleen by die huis bly wanneer hulle uitgaan, sonder iem. om hulle op te pas. 'n Ongeluk kom selde alleen. Eensaam: Die ou dame voel haar alleen na haar man se dood. Saans, as jy die alleenste voel (D. Mostert). — Ook as versterking van eensaam, bv. eensaam en alleen lewe.*

*eensaam - Alleen wonend, afgesonderd van die gemeenskap, sonder geselskap, sonder omgang met sy medemense: 'n Eensame kluisenaar. Hy woon eensaam en verlate in die uithoek. Eensaam en alleen lewe. Toe sien ek hom nog daar staan — allenig in die woestyn ... maar nie eensaam nie ... rondom hom was sy vrinde — die hoë doringbome en die korte Karoobossies (C.J. Langenhoven).*

Uit hierdie definisies word dit duidelik dat daar ten opsigte van menslike ervaring en emosies tog verskille aangedui kan word. Die woord 'alleen' kan maklik gebruik word om 'n getal aan te dui, terwyl 'eensaam' meer na 'n gemoedstoestand verwys.

Om 'n taak alleen aan te pak, is om sonder ander mense se hulp reg te kom. Mense kan alleen in 'n kamer of huis woon, alleen met vakansie gaan. Dit is maklik om die alleenloper raak te sien, dit is die een sonder enige ander persoon in die omgewing. Iemand wat alleen is, is nie noodwendig eensaam nie, soos sagmoedige Neelsie se aanhaling aandui.

Die mens wat eensaam is, is nie noodwendig alleen nie. Om eensaam te voel, is om geïsoleerd te voel, eenkant. Die eensame mens ervaar nie geselskap nie, voel van mens (en God) versaak.

'n Onlangse besoek aan 'n luukse aftree- en versorgingsoord het die verskriklike eensaamheid van sekere mense uitgelig. Daar is bejaardes wat alleen in hul kamers is, ander deel kamers. Die versorgings personeel is daar en daar kom mense van buite wat uitreik. Ander, wat in huise binne die grense van die sekuriteit kompleks woon, het wel meer kontak met inwoners en gaste. maar tog is daar te veel mense wat eensaam is, weemoedig eensaam is. Ryk en arm, jonk en oud, hulle is eensaam.

Mense wat in 'n geselskap is en steeds eensaam voel. Mense wat hoor hoe mense rondom hulle praat, maar na geen woord

luister nie. Mense wat versorg word, mense wat aangeraak word, en tog spoel die bittere eensaamheid tsunami onverpoosd oor hulle. Waarom?

Vir sommige mense is dit die vreemde omgewing en die onvermoë om nuwe mense se kommunikasie ritme te begryp. So geset in hulle denke en emosies, kan hulle nie die nuwe akkommodeer nie.

Daar is die mense wie se lewensmaats en selfs vriende almal al dood is. Aan die een kant is daar geen getroue vriend om mee te gesels nie. Aan die ander kant voel sommiges nie meer tuis in hierdie wêreld terwyl hul geesgenote rus nie. Mense wat praat in jou metafoor, begryp waar jou woorde vandaan kom - hulle is by die Vader.

Dan is daar die proses van nuwe vriende maak. Jy is te bang om nuwe vriende te maak, want môre is hulle dood, of jy self gaan in die nag rustig heen.

Vir sommige mense ontbreek die vriendskap gom. Hulle het soveel keer geheg geraak aan mense, soveel keer nuwe vriende gemaak. Die energie wat nodig is om die proses te begin, is gewoon nie meer sterk genoeg nie. En die mense is by mekaar, maar bly eensaam. Hulle bly langs mekaar, hulle hoef net na links of regs te draai om 'n geselsie aan te knoop en tog ,doen hulle dit nie, hulle bly eensaam.

Wat ookal die redes vir hierdie smartlike toestand is, dit is 'n donker wolk op selfs die jongeling se horison. Dit is amper onmoontlik om van buite deur die skanse van eensaamheid te breek. Tog moet ons probeer.

Eindelik is dit elkeen van ons se eerste verantwoordelikheid om te waak teen die duister lokval van eensaamheid.

## BERIGTE EN KENNISGEWINGS

### BONDSVERGADERING EN BONDSDAMESBYEENKOMS 2019

Die Bondsvergadering vind hierdie jaar 8-10 September te Premiermyn (in Cullinan) plaas. Die nodige korrespondensie is reeds aan gemeentes uitgestuur. U word vriendelik versoek om die geloofsbriewe en mandate in te vul en aan te stuur. Inligting rakende akkommodasie sal eersdaags aan gemeentes gestuur word.

**Wie dit mag aangaan**,

Ontvang hiermee die voorlopige inligting en reëlings rakende die 2019 Bonds-vergadering. Dit is uiters belangrik dat u op hierdie skrywe reageer om ons sodoende in staat te stel om die laaste reëlings te finaliseer.

DATUM 8 tot 10 September 2019. (Dames 8-9 September)

PLEK Gemeente Premiermyn

REGISTRASIE Sondag 8 September 2019 vanaf 16:00.

AFGEVAARDIGDES

Die afvaardiging bestaan uit ‘n maksimum van:

2 Ouderlinge; 1 Diaken en die Predikant/e.

Indien gemeentes nie finansieel daartoe in staat is om ‘n volledige afvaardiging te stuur nie, versoek ons u om asseblief toe te sien dat u gemeente minstens verteenwoordig word. Die aantal waarnemers word nie beperk nie.

KOSTES

Die kostes sal R250 per afgevaardigde beloop. (Bondsdames se kostes word eersdaags aangestuur)

Alle Geloofsbriewe, verslae en beskrywings-punte moet aan ds Frans Marais (skriba@geloofsbond.org.za) gestuur word, voor of op 7 Junie 2019.

**BYBELVASVRA 2019**

Geagte Leser

In opvolg op my eerste skrywe, wil ek hiermee aan die gemeentes kommunikeer dat die Bybelvasvra se Finale Rondte se datum sal verskuif, vanweë die feit dat die meeste skole in Junie 2019 besig is met halfjaar eksamens. Ons verskuif dus die datum van die aanvanklike datum van 2 Junie 2019 na die *NUWE DATUM VAN 21 JULIE 2019.* Op die Bondsvergadering van 2018, is daar besluit dat daar slegs 'n gemeente en finale rondte gehou sal word in 2019.

Net weer die inligting.

*1. Kategorieë:*

Laerskool Graad 1 tot 7

Hoërskool Graad 8 tot 11

Ope Afdeling 0 tot 120 jaar oud

*2. Spanne:*

'n Span bestaan uit 2 tot 6 deelnemers per span

Span moet 'n spannaam hê en elke spanlid se naam en van en ouderdom moet op die vraestel aangedui word.

*3. Bestek*

a. Hoërskool en Ope afdelings

i. Uit die Bybel 1983 Afrikaanse Vertaling : Die Boek Jona ( 50 % van vraestel )

ii. Algemene Bybelkennis ( 50% van vraestel )

b. Laerskole afdeling

i. Uit die Bybel 1983 Afrikaanse Vertaling : Die Boek Jona ( 50 % van vraestel )

ii. Algemene Bybelkennis ( 50% van vraestel )

*4. Datum*

. *Finale Rondte 21 JULIE 2019*

*5. Puntetelling en tydsduur*

a. 1 uur vraestel:

i. 50 Punte Hoërskool en Ope afdeling

ii. 40 Punte Laerskool

*6. Vraestelle:*

Vraestelle van gemeente rondte word deur die gemeente self opgestel en gemerk. Finale rondte vraestelle word deur my opgestel en versend, saam met memorandums. Gemeente predikante merk die vraestelle en punte aan my deurgegee. Vraestelle in al die onderskeie rondtes moet die volgende afdelings insluit:

A. Laerskool

Meervoudige keuse ( 10 punte )

Waar of vals ( 10 punte )

Vul die ontbrekende woorde in ( 10 punte )

Blokkiesraaisel ( 10 punte )

B. Hoërskool en Ope afdeling:

Meervoudige keuse ( 10 punte )

Waar of vals ( 10 punte )

Vul die ontbrekende woorde in ( 10 punte )

Blokkiesraaisel ( 10 punte )

Kort 1 punt antwoorde ( 10 punte )

**VOLKSHULP 2000 BEURSE**

Vir aandag: Predikante, Kerkrade en Lidmate van Geloofsbond-gemeentes,

Aansoeke word ingewag vir Volkshulp2000 en De Witt Meintjies Trust studiebeurse

Met hierdie beurse wil Volkshulp2000 behoeftige studente op veral sekondêre en tersiêre vlak bystaan. Aansoekers moet bewys lewer van goeie akademiese prestasie by 'n erkende instansie. Die volgende ondersteunende inligting moet die aansoek vergesel:

Motiveringsbrief, Afskrif van identiteits-dokument. Bewys van adres, Getuigskrifte (Predikant, werkgewer onderwyder/dosent), Rekord van akademiese prestasie, 3 Maande salarisstrokies of ander bewyse van inkomste, 3 Maande bankstate

Aansoeke om afslag of vryskelding van studiegeld (indien enige)

Ander beurse of finansiering (huidig of nuwe aansoeke)
Voltooi die aansoekvorm en stuur saam met al die nodige aanhangsels per epos aan: studiehulp@volkshulp.org.za
Alle aansoeke moet Volkshulp2000 bereik voor of op 31 Mei 2019.
(Slegs volledige aansoeke per epos aan bogenoemde adres sal oorweeg word.).
Volkshulp 2000 is die enigste hulporganisasie wat uitsluitlik fokus op hulpverlening aan volksgenote. Hulle is geheel en al afhanklik van skenkings van individue en organisasies om hierdie hulp te verleen. Ondersteuning is beide finansieel, sowel as met goedere (bv. klere en kos).
Besoek gerus Volkshulp2000 se webblad (https://www.volkshulp2000.org.za/) of bakkiesblad (https://www.facebook.com/Volkshulp2000.amptelik/ ) vir meer inligting oor wat hulle doen en hoe om te help of betrokke te raak!

**GELOOFSBONDPREKE**

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na http://www.geloofsbond.org.za/
Daar is ook weekliks nuwe preke op ***whatsapp*** beskikbaar. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

**KREMETARTFEES 2019**

Onthou die Kremetartfees 14-15 Junie 2019 te Musina.

**OORNAG FASILITEITE**
**Villa Stoney B+B**

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !
Slegs 5 km van die Zambezi Tolhek
- naby hospitaal en besighede-
Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar in gemeubileerde kamers
Etes en wasgoed op afspraak
Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by **Villa Stoney**
Naby genoeg aan Cullinan. Bespreek betyds vir die 2019 Bondsvergadering. Kontak Ina Steenkamp vir navrae en besprekings 0829082831 auri@mweb.co.za.

**DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

**ella@teamworkprinters.com**

VLEISRAS LANDRAS

# ½ OF HEEL VARK TE KOOP

**PRYS**: R40 p/kg

**DATUM VAN AFLEWERING**: Sal deurgegee word sodra bestellings voltooi is
**AFLEWERINGSPUNT**: Pretoria soos ooreengekom
**BETALING**: EFT

**BEPERKTE VOORRAAD**
**9 beskikbaar tussen 50- en 70kg of halwe tussen 25- en 35kg**
**7 beskikbaar slegs heel tussen 28- en 35kg**

Varke word opgesaag soos versoek!

**PLAAS BESTELLING BY RONéL SELNO. 0827873680**

**ONDERSTEUN JOU SAK EN DIE BOER & BESTEL DIREK VAN DIE BOER**

HartsWil Boerdery

# Hervormde Gemeente Vrede

## Voëljag ter waarde van R9 000 - 3 jagters

*Pryse is nie verhandelbaar of oordraagbaar nie.*

Die beoordelaars se beslissing is finaal.
Trekking vind plaas op **15 Junie 2019**

## JAGPAKKET:

**19-20 Julie 2019**
*Akkommodasie by Waterfront Gastehuis te Emanzini, Vrede*

**1ste Prys:** Tarentale, Fisante, Patryse

**2de Prys:** 1 Blesbokkarkas

**3de Prys:** Slagvark



**BANKBESONDERHEDE:**
Hervormde Gemeente Vrede
Standard Bank
Tjek 042096030
Vrede 051 001
Verwysing: Naam, Van en selnr.
Stuur bewys van betaling na ernst.bosveld@gmail.com
Ernst Lombard: 082 645 1343

**R200** per kaartjie


Hoërskool Eric Louw Terrein
kremetartfees
2019
MUSINA
14 & 15 JUNIE 2019
Spaar en kry jou
Naweek Pakket-kaartjie vroegtydig by
MESSINA APTEEK of by Noena 084-452-0321
Kaartjies volwassenes @ R160
Laerskoolkinders @ R90
Voorskool Gratis
14 Junie @ 19:00 BRENDAN PEYPER
15 Junie @ 19:00 BOK VAN BLERK
VETERAAN MOTOR UITSTAL-LING
STALLETJIE & TAFEL BESPREKINGS KOEKIE 076 649 1461